HESSEQUA MUNISIPALITEIT

VAKATURE

Die Munisipaliteit van Hessequa benodig die dienste van 'n geskikte persoon in die volgende vakature:

Algemene Assistent: Strate en Stormwater - Albertinia
(Verw: T383) T4 – R93 878.52 tot R118 404.96 bruto salaris per jaar.

Vereistes: Graad 9 (Moet kan lees en skryf) • Moet fiks en gesond wees • Bereid wees om in gure weersomstandighede te werk • Drie maande ondervinding in 'n soortgelyke posisie, sal as 'n aanbeveling dien.
Pligte: Hou munisipale paaie instand • Verwyder onkruid op sypaadjies • Maak stormwaterpype, kanale, mangate en opvangsputte skoon • Installeer en vervang stormwater pype • Spuit onkruiddoder • Hanteer bitumenspuit, kompakteerder, randsnyer, teersnyer en kompressor • Op- en aflaai van toerusting en materiaal • Verwyder vullis op sypaadjies en oop ruimtes • Hou geboue instand • Maak oop ruimtes, stoor, masjienerie en voertuie skoon • Vee strate.

Die Munisipaliteit van Hessequa is 'n gelyke geleentheid werkgewer en moedig gestremdes, asook persone vanuit die voorheen benadeelde groepe aan om aansoek te doen om betrekkings. Kandidate sal aan 'n praktiese toets onderwerp word.

'n Munisipale aansoekvorm, asook 'n CV is verpligtend. Slegs sertifikate / dokumente wat aan die minimum vereistes voldoen moet aangeheg word. (CV's en aansoekvorms van 4MB en groter kan nie via e-pos versend word nie.)

Volledig voltooide aansoekvorms moet aan Hessequa Munisipaliteit, Menslike Hulpbronbestuur, Posbus 29, Riversdal, 6670 of per e-pos aan applications@hessequa.gov.za of faks 086 518 7229 versend word. Onvolledige aansoeke sal lei tot diskwalifikasie. Ontvangs van aansoeke sal nie erken word nie en geen ondersteunende dokumentasie sal terugbesorg word nie. Vir enige navrae kontak me A. Groenewald by 028 713 7800.

Sluitingsdatum : 17 Januarie 2019

Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal nie oorweeg word nie. Persone wie teen 28 Februarie 2019 geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar dat hul aansoek onsuksesvol was. Die Raad behou die reg voor om nie die vakatures te vul nie.